e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

7 Oktober 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 34

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Stuur kommentaar oor die inhoud aan **gespreksforum@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kerk vir die toekoms

In *Die Hervormer* van Oktober 2010 skryf prof Theuns Dreyer dat die 69ste Algemene Kerkvergadering (AKV) sal aandui of ons kerk van die verlede of kerk vir die toekoms wil wees.

Die besluit wat by die vergadering geneem is om die Kerk se goedkeuring van apartheid in die verlede te verwerp, is 'n duidelike keuse van die Kerk om kerk vir die toekoms te wees. Hierdie voorbladartikel is 'n verwerking van prof Dreyer se reaksie tydens die vergadering op die besluit.

Die meeste van die Kerk se lidmate kom uit die apartheidsjare. Ons het daarmee grootgeword, dit ondersteun en op kerklike vergaderings verdedig. In mindere of meerdere mate het ons daaruit voordeel getrek. Met die verloop van tyd het die meeste lidmate waarskynlik ook tot 'n ander insig gekom. Dit is naamlik die insig dat net so min as wat ons sake soos die moorde, geweld, diskriminasie en misdaad wat op die oomblik plaasvind Bybels kan regverdig, net so min kan die Kerk dit wat in die verlede onder apartheid gebeur het Bybels regverdig.

Die besluit maak dit vir jongmense in die Kerk moontlik om in die toekoms volledig kerk van Jesus Christus te wees, sonder die belading van die verlede. Dit is nogtans belangrik dat die besluit met kalmte in die Kerk ontvang moet word. Dit kan gebeur in die lig daarvan dat die Kerk ook besluit het om die beskrywing van die Kerk as 'n volkskerk in die Kerkorde te behou. Albei die besluite moet verstaan word as dat dit onder die leiding van die Heilige Gees plaasgevind het.

Dit is duidelik dat die besluite wat op die 69ste AKV geneem is, sal uitwys op watter fondament die Kerk gebou is. As die fondament van die Kerk apartheid is, kan die Kerk moontlik skeur. Maar as die Kerk op Jesus Christus gebou is, kan dit in die toekoms deur die Heer se genade van krag tot krag gaan.

Dit is baie belangrik dat ons sal verstaan dat die Kerk met hierdie besluit nie 'n oordeel oor ons voorouers uitspreek of enigiemand tot 'n ketter verklaar nie. Dit is 'n teologiese verklaring wat die Kerk maak in die lig van sy verstaan van die Bybel in die huidige tyd. Die volledige besluit lui so:

Die 69ste Algemene Kerkvergadering maak in die lig van die 68ste Algemene Kerkvergadering se besluit dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat, onomwonde die uitspraak dat apartheid nie teologies geregverdig kan word nie. Die Kerk verwerp sy goedkeuring van apartheid omdat dit

- *in stryd is met die evangelie van Jesus Christus*
- *gebaseer is op die idee van onderlinge onversoenlikheid*
- *onreg sanksioneer*
- *die beeld van God in mense aantas.*

Die Bybels-teologiese aard van hierdie uitspraak word beklemtoon.

Hierdie besluit is waarskynlik ontstellend vir sommige lidmate in die Kerk en het 'n wond gelaat in hul gemoed. Daarvoor behoort daar begrip en deernis in die Kerk te wees. Die besluit wat geneem is moenie gesien word as 'n oorwinning vir een groep in die Kerk oor 'n ander groep nie. Dit sou neerkom op liefdeloosheid. Dit moet ook nie as 'n skuldbelydenis verstaan word nie of, soos dit verkeerdelik in die pers weergegee word, asof die Kerk sou gesê het dat apartheid sonde is nie. Wat wel waar is, is dat die Kerk nou onbevange getuienis kan lewer en sy profetiese stem kan laat hoor.

Dr Gerhard Lindeque
Redakteur

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Dr Barry van Wyk

Ds Jaap Steenkamp

Beroep ontvang

- **Dr Barry van Wyk** van Waterberg-Wes na Waterberg

Beroep bedank

- **Ds Jaap Steenkamp** van Potchefstroom Die Wilge na Ebenhaézer (Ellisras)
- **Ds Frikkie van Wyk** van Newcastle na Magaliesmoot

Ds Frikkie van Wyk

Beroep aanvaar

- **Ds Hardie Kotzé** van Vryburg na Schweizer-Reneke
- **Dr Barry van Wyk** van Waterberg-Wes na Waterberg

Vakante standplaas

- **Gemeente Westonaria** beskik oor 'n vakante **deelsorgstandplaas** en wag aansoeke in van proponente of predikante. Daar sal van kandidate verwag word om, na die indiening van 'n aansoek en CV (tesame met 'n kort beskrywing van 'n persoonlike visie en vaardighede) moontlik met die kerkraad in gesprek te tree. Daar sal ook van die persoon verwag word om saam met sy of haar gade die gemeente op 'n Sondag te besoek en die erediens te lei. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Westonaria is aan die verre Wes-Rand geleë, ongeveer 100 km van Pretoria tussen Randfontein (20 km) en Carletonville (30 km) en ongeveer 6 km noord van die N12 tussen Johannesburg (50 km) en Potchefstroom (85 km).

  Aansoeke moet die gemeente **voor Saterdag 16 Oktober 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba by **bengrey@lantic.net** of Posbus 84, Westonaria 1780. Meer inligting kan van die skriba, Ben Greyling, bekom word by 011 753 1443 of 082 848 2968.



Ds Drikus Engelbrecht

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Drikus Engelbrecht** van Gemeente Windhoek is die oggend van Woensdag 6 Oktober oorlede. Ons innige meegevoel gaan aan die familie.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende twee weke,** en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 8 Oktober: Prof John Gericke (emeritus), ds Willie Strydom (Johannesburg-Suid/Eikenhof)
  - Saterdag 9 Oktober: Dr Wim Dreyer (sinodaal en UP), ds Sakkie Meyer (emeritus)
  - Maandag 11 Oktober: Ds Hennie Breedt (emeritus)
  - Dinsdag 12 Oktober: Di Gert Macdonald (Nelspruit), Barrie Oberholzer (Van Warmelo/Messina), Milankie van der Walt (Namib-Suid)

- Woensdag 13 Oktober: Di Andries Alberts (emeritus), Elmien Oosthuizen (Pietersburg en Polisiekapelaan)
- Donderdag 14 Oktober: Dr Adriaan Neele (buiteland)

- **Ds Nickie Alberts**, predikant van **Gemeente Wonderfontein**, is met langverlof van **8 November 2010 tot 16 Januarie 2011**. Die gemeente benodig dus 'n predikant wat om 08:30 in Welverdiend en 10:00 in Wonderfontein kan preek. Die predikant moenie verder as 'n radius van 80 km rondom Carletonville reis nie, want die gemeente se fondse is beperk. Belangstellende predikante kan die skriba, mev Hettie Roos, by **wonderfon@lantic.net**, 082 713 4544 of 018 788 4510 kontak.

- Omdat die Poskantoor klaarblyklik oorgeskakel het na 'n nuwe stelsel, is die **aflewering** van onder meer ***Konteks* en *Die Hervormer*** van September erg vertraag. Dit was buite die beheer van SENTIK en Beria Drukkers en Uitgewers, wat die drukwerk en verspreiding namens SENTIK behartig. Ons vra om verskoning vir die ongerief, en vertrou dat gemeentes intussen hul pakkies ontvang het. Verwittig mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za** indien u steeds op die September 2010-uitgawes wag. Dit wil voorkom of die aflewering van die Oktober 2010-uitgawes normaal is.

Nuwe Liedere 1



Die nuwe liedbundeltjie, ***Nuwe Liedere 1***, wat deur die 69ste AKV goedgekeur is, is tans in produksie. Die uitgee en produksie van die verskillende weergawes word deur IKSA behartig. Die volgende weergawes word voorberei:

- Gedrukte bundeltjie (A5-formaat) @ R15 elk; 100 en meer @ R10 elk
- Begeleiersboek vir orrelis (A4-formaat, geringbind) @ R35 elk
- Elektroniese weergawe vir projektering (PowerPoint op CD) @ R30 elk

Koste vir posgeld en verpakking word bygevoeg.

Gemeentes wat die lyste by die AKV ingevul het, ontvang eersdaags 'n bestelvormpie per e-pos waarop die besonderhede van hul bestelling aangedui word. Kontroleer dit asseblief en vul aan waar nodig. Stuur dit asook die bewys van u inbetaling dan dadelik terug na **konteks@nhk.co.za**, waarna u bestelling uitgevoer sal word.

Aan die besonder lae pryse sal u sien dat op 'n basis van verhaling van koste gewerk word. Ons kan dus nie voorraad produseer wat dalk bly lê nie, en daarom is betaling by bestelling ook noodsaaklik. Alle verdere bestellings moet ook so spoedig moontlik geskied omdat ons voorlopig net die hoeveelheid wat nou bestel word, produseer. Koste kan by 'n tweede rondte as gevolg van 'n kleiner oplaag styg.

Dankie aan al die gemeentes wat reeds gereageer het en by voorbaat dankie vir u samewerking in die bestelproses. Enige navrae hieroor kan aan dr Wian Kloppers gerig word by **konteks@nhk.co.za** of 012 322 8885 x229.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Newcastle: 8 tot 10 Oktober**
  Viering van 50ste bestaansjaar
  Vrydag 18:00 – dankdiens met voorbereiding en belydenis van geloof
  19:00 – formele ete
  Saterdag 13:00 – boeresport en ander speletjies
  15:00 – gemeentebraai
  16:00 – oorhandiging van geskenke, simbole en kanselkleed
  Sondag 10:00 tot 13:00 – Nagmaal, danksegging en groeteboodskappe

Kontak gemeente by **newcastle@nhk.co.za**
of skakel Hannes Willemse by 034 312 4854 of 083 307 2618

- **Gemeente Belfast: 29-31 Oktober**
  Viering van 75-jarige bestaan. tema *Van toeka tot nou*
  Gedenkblad/CD/DVD word uitgegee en 'n hoeksteen onthul
  Vrydagaand Nianell, Saterdag fees, Sondag Nagmaal met manelpakke, strikdasse en kappies
  Predikante wat verbintenisse gehad het met die gemeente, en mense met staaltjies, kontak **faniehoff@telkomsa.net** of **martinras@telkomsa.net**

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 9 Oktober: Gemeente Midstream**
  Sanger Jak de Priester
  R100 per persoon (sluit kaas-en-wyn-ete in)
  Kaartjies beskikbaar by Tolla Strydom, 078 283 5205

- **Saterdag 9 Oktober 10:00: Gemeente Wonderboompoort**
  Internasionale Tee
  Spreker dr Don Roos (opvoedkundige), sanger Elzette Myburgh
  R60 per persoon
  Kaartjies by Giesela Schwarzer, **giesela@telkomsa.net**, 083 709 9808 of 012 335 4181

- **Vrydag 15 Oktober om 19:00: Gemeente Parkrand Romanz**
  Hoërskool Oosterlig in Boksburg
  R160 per persoon (sluit vertoning en kaas-en-wyn-ete in)
  R100 per persoon (slegs vertoning)
  Kontak Hilda by 082 281 8947 of gemeentelike kerkkantoor by 011 896 3112 (09:00-13:00)

- **Saterdag 16 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit Manneontbyt**
  Gas Wikus van der Merwe
  By De Oude Werf-onthaalsentrum, Bronkhorstspruit
  08:30 vir 09:00
  R120 per persoon (sluit skaapbraai in)
  Bespreek by gemeentelike kerkkantoor 013 932 2929 of Roelf van Rensburg 083 250 3846

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Ring van Laeveld: Gholfdag Saterdag 9 Oktober**
  By Drakensig-gholfbaan te Hoedspruit
  Inskrywingsfooie R600 per 4-bal, R150 per persoon; borge welkom
  Kontak ds Martin van Rensburg by 083 633 7335

- **Gemeente Premiermyn: Hengelkompetisie Saterdag 23 Oktober**
  06:00 tot 16:00 by Bronkies-natuurreservaat
  R120 per hengelaar, familielede R15 per persoon toegang
  1ste prys vir swaarste karp – 1 karaat diamant
  2de en 3de pryse vir swaarste baber, ook baie trekkings
  Kontak Johan by 084 519 5598 of Alta by 082 682 1252

- **Gemeente Louis Trichardt: Hengelkompetisie**
  Saterdag 30 Oktober
  Stubb en Mons-plaas in die Mopaniedistrik; akkommodasie kan gereël word
  1ste tot 3de pryse vir elke spesie in senior- en juniorafdelings, ander pryse ook

Hengel vir baber, baars, karp en kurper in drie damme
Motorbote toelaatbaar op grootste dam, bote met baarsmotors en kano's op kleiner damme
R100 per deelnemende volwassene, R50 per deelnemende kind, R30 per nie-deelnemer
Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550, 084 209 5189
of **skaterkalant@vodamail.co.za**

- **Gemeente Oudtshoorn: Gholfdag Saterdag 4 Desember**
  Oudtshoorn-gholfbaan
  R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom
  Kontak ds Monja-Lize van Belkum 082 786 5752

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Pretoria-Wes: Vleisprojek**
  Wors wat in Swartruggens gemaak is teen ±R40 per kg
  Maalvleis en wors ook teen R20 per pakkie beskikbaar
  Kontak Lettie Walker by 012 327 2323

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen 'n boerdery**
  Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk
  Verkoop kaartjies en samel R50 000 in
  Sluitingsdatum **4 April 2011**, trekking 8 Mei 2011
  Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124
  of Piet en Babsie Ferreira by 018 431 0685
  of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Zwartruggens Oesfees**
  Christenfees met 'n boodskap!
  Kontak Chris Steinmann (Feesvoorsitter) by 079 715 4141

- **Saterdag 30 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Rooihuiskraal Kersmark**
  Hv Santie- en Konstantynstraat, The Reeds
  Uitstallers welkom teen R100 per tafel
  Kontak Marlize Albertyn by 083 312 7610 om te bespreek

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Piet Potgieter (Potgietersrus) Kersmark**
  Maandeliks ook superwors te koop
  Koop geskenke en kuier in die Bosveld
  Skakel 015 491 6310 of 082 821 6873

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Wonderboompoort Wonder-Kersmark**
  09:00 tot 15:00, hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal
  Uitstallers R50
  Bespreek by 082 733 3951 of **cjdb@vodamail.co.za**

- **Vrydag 5 en Saterdag 6 November: Gemeente Waterberg (Nylstroom) Kersmark**
  Vanaf 07:00 by die gemeentesentrum
  Kontak Ina Lategan by 014 717 3355 of **hervormwaterb@telkomsa.net**

- **Saterdag 6 November: NHSV Warmbad Kersmark**
  07:00 tot 12:00, kerksaal in Ludorfstraat, Warmbad
  Stalletjies R30
  Kontak Suzi van Dyk by 083 310 4943 of **thysan@telkomsa.net**

- **Donderdag 16 tot Sondag 19 Desember: Gemeente Wesmoot Kersmark**
  Makro Wonderboom se parkeerterrein
  Staanplekke is 3 x 4 m, koste per dag R150, R500 vir vier dae
  Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183

- **Saterdag 29 Januarie 2011: Gemeente Nelspruit Maroelafees**
  Vanaf 08:00 by Nelspruit Rugbyklub
  Toegang (sluit glas tuisgemaakte maroelasap in) R20 per volwassene/ hoërskoolkind, R10 per laerskoolkind, gratis vir voorskoolse kleuters
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455

ANDER NUUS

Na afloop van die 69ste AKV

- Die **AKV** in die kerkgebou van **Gemeente Wonderboom** het goed verloop. Van die afgevaardigdes is oortuig dat die AKV in die toekoms weer in dié kerkgebou gehou moet word. Parkering was volop en die sekuriteit baie goed. Binne die kerkgebou was voldoende sitplek en die lugversorging puik. Weer eens baie dankie aan die gemeente vir die gebruik van hul besondere fasiliteite.

- Soos in die verlede, was nie al die lede van die **AKV** met al die besluite tevrede nie. Oor die algemeen is op hoë vlak debat gevoer en standpunte is gerespekteer. Die **notule** van die laaste vergaderdag is nie beskikbaar gestel nie. Die Kommissie van die AKV sal dit behandel en goedkeur by sy vergadering in November, waarna dit aan gemeentes gepos sal word.

- 'n Belangrike besluit waarvan ampsdraers en lidmate kennis moet neem, is dat die **sekundilede van die Kommissie van die AKV** in die toekoms **klagsake** wat voorheen na die Kommissie verwys is, sal hanteer, en dat die Kommissie as **appèlliggaam** sal funksioneer. Die proses sal in die hersiene Kerkorde uitgestippel word.

- In die komende weke sal die **belangrikste besluite van die 69ste AKV** in die *e-Hervormer* gepubliseer word.

Verkiesings na afloop van die AKV

Dr Daan van Wyk (jr)

- ***Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***
  - Dr DJC van Wyk (jr) (Wolmaransstad) — Voorsitter
  - Dr JMG Storm (Meyerspark) — Skriba
  - Ds APJ Beukes (Swartkop) — Visevoorsitter
  - Dr WA Dreyer (sinodaal en UP) — Viseskriba
  - Ds L Geel (Grimbeekpark) — Predikantslid
  - Dr JC van der Merwe (Kempton Park-Oos) — Predikantslid

Oudl Freda Wilkens

- ***Ouderlinge***
  - F Wilkens (Pretoria-Oos)
  - JD Fourie (Swartkop)
  - JFP Engelbrecht (Schoemansdal)
  - DJ Lizamore (Philadelphia)
  - JA Oberholzer (Pretoria)
  - P Bester (Wonderboompoort)
  - PW de Bruyn (Kruin)
  - WAJ van Schoor (Kempton Park-Oos)
  - FJ Paynter (Meyerspark)

- Slegs een predikantslid is nie ’n gemeentepredikant nie. In drie gevalle, by Swartkop, Meyerspark en Kempton Park-Oos, is sowel die predikant as die afgevaardigde ouderling verkies.

Ds Etienne Fourie

- ***Sekundilede van die Kommissie wat as opsig- en tugliggaam sal optree***
  - Dr FJ Labuschagne (Parys) — Sekundus-voorsitter
  - Ds EG Fourie (Kempten) — Sekundus-visevoorsitter
  - Dr GC Lindeque (Midstream) — Sekundus-skriba
  - Dr AG Ungerer (Klerksdorp-Doringkruin) — Sekundus-viseskriba
  - Ds CEC Hertzog (Middelburg-Noord) — Sekundus-predikantslid
  - Ds WJJ Kok (Potchefstroom) — Sekundus-predikantslid
- ***Ouderlinge***
  - MF Pretorius (Noordrand)
  - F Smit (Kaapstad/Tygerberg)
  - JW Pont (Naboomspruit)
  - JJ Steyn (Bloemfontein-Wes)
  - AJP le Roux (Lichtenburg)
  - P Mulder (Montana)
  - MJ Jordaan (Zeerust)
  - BJ van der Merwe (Kempten)
  - PP Vorster (Krugersdorp-Oos)

Ds Herman van den Berg

- By Kempten is beide die predikant en die ouderling verkies.
- ***Raad van Finansies***
  - JH Steyn
  - G van Wyk
  - Dr PJ van Zyl
  - J Combrink
  - T Roelofsz
  - Ds HP van den Berg
  - Ds CEC Hertzog

Dr Gerhard Lindeque

- ***Kuratorium***
  - Dr GC Lindeque (Voorsitter)
  - Ds PF Viljoen (Visevoorsitter)
  - Ds JF (Hannes) van der Merwe
  - Prof AG van Aarde
  - Dr SM de Beer
  - Dr J Otto
  - Dr AG Ungerer

Adv Linda Pienaar

- ***Raad vir Regsadvies***
  - Dr BJ van Wyk
  - Dr C Pretorius
  - Adv LJ Pienaar
  - Adv JG Geyser
  - Dr L Curlewis
  - Prof IWC van Wyk
  - Ds RTI Pienaar

- **Die Ondersteuningsraad** het van 27 September tot 1 Oktober hul jaarlikse **Tienerkamp** by die Hartbeesfontein-kampterrein aangebied. Die tema van die kamp was *Oorwin jou Reuse.* Alle aktiwiteite was daarop gemik om die tieners toe te rus en te begelei om die struikelblokke in hul lewens te identifiseer en te oorkom. ’n Uitstaande kenmerk van die kamp was die spontane geestelike verdieping wat deurlopend sigbaar was. Opregte dank aan alle gemeentes, NHSV-takke en lidmate wat bydraes gelewer het om hierdie geleentheid moontlik te maak.

- Die **More Restaurant in Centurion** het op 9 September R22 920 aan **Die Ondersteuningsraad** geskenk, nadat hulle ’n gholfdag ten bate van liefdadigheid gereël het. Dit is hierdie gebare wat dit vir die personeel van Die Ondersteuningsraad moontlik maak om met hul barmhartigheidswerk voort te gaan. Hierdie fondse word aangewend vir dienslewering ten opsigte van die beskerming van jong kinders.

- Die **NHSV** beskik oor **beurse en lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings, wat wissel van R2 000 tot R6 000. Vra aansoekvorms aan by **nhsvadmin@nhk.co.za** of 012 325 0117. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2010**. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

- Die afgelope 25 jaar help **Bybelgenootskappe** wêreldwyd met die voorsiening van **Bybelpapier** sodat **Bybels in China vir Chinese Christene** gedruk kan word. Gedurende hierdie tyd is reeds 50 miljoen Bybels gedruk en onder Christene in China versprei. Die Kerk in China beplan om vanjaar 2,6 miljoen bekostigbare Bybels in China te versprei. Die koste van die papier om hierdie Bybels te kan druk, beloop sowat R20,3 miljoen. Teen Augustus vanjaar het Bybelgenootskappe reeds R9,1 miljoen bygedra wat die papierkoste van 1,2 miljoen Bybels kon dek. ’n Verdere 1,4 miljoen Bybels moet egter nog gedruk word, en daarvoor word R11,2 miljoen dringend voor die einde van die jaar vir Bybelpapier benodig. Net meer as 40 jaar gelede was die Bybel nog ’n verbode boek in China. Vandag is daar volgens amptelike statistieke sowat 29 miljoen Christene in dié land. Nie-amptelik is daar na raming 100 miljoen Christene in China. Enigiemand wat wil help met fondse vir Bybelpapier vir China, kan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika kontak by 021 910 8705, of die webwerf **www.bybelgenootskap.co.za** besoek vir meer inligting.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Maandag 11 Oktober: Ons Tuis Beleggingskomitee; Ons Tuis Finansiële Komitee; Strategiese beplanning en herstrukturering
  - Vrydag 15 Oktober: ADV Dagbestuur

- Die vergadering van die **Raad vir SENTIK** wat vroeër vir Maandag 11 Oktober geskeduleer is, vind nou eers in **Februarie 2011** plaas.

ADVERTENSIES

RIETFONTEIN-OORNAG (PRETORIA)

Selfsorgeenhede
- gerieflik, netjies, stil, selektief
- naby hospitale, hoofweë, sentrums
- mandjie-ontbyt op aanvraag
- bekostigbaar
- veilige parkering

Kontak Adaleen by 083 345 7717

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente uitgebreide inligting oor ’n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van

Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

My indrukke van die 69ste AKV

Hoe het afgevaardigdes die pas afgelope AKV ervaar? Hier is enkele indrukke.

"Om eerlik te wees, nadat ek die agenda deurgewerk het, was ek nie baie lus om die vergadering by te woon nie. Uit sommige voorstelle en memoranda was dit duidelik dat ’n grondige Bybelse besinning ontbreek. Die terloopse verwysings daarin na die Bybel het die indruk geskep van blote persoonlike oortuigings, gebaseer op ’n interpretasie van ’n interpretasie van die Bybel. Dit was vir my duidelik dat die Bybel nie meer oral ernstig opgeneem word nie. Hierdie indruk is tydens die vergadering versterk deur die talle oproepe om besluite op grond van emosie en ’n intuïtiewe geestelike instink te neem in plaas van die leiding van die Heilige Gees deur die Bybel, soos wat Hervormers glo. Dit maak dat die teologiese debatvoering nie van ’n baie hoë standaard was nie, veral nie van diegene wat noue bande met die Teologiese Fakulteit het nie. Aansprake van sommige persone dat hul standpunte van goeie Reformatoriese teologie getuig, was openlik misleidend. Ek vermoed dat die Kerk nie meer vir baie lank beide Skrifbeskouings sal kan akkommodeer nie, aangesien ’n Bybel ontkoppelde teologie geloof vernietig. Die gebrek aan opsig en dissipline oor die teologie die afgelope aantal jare moet die blaam dra vir die onoorbrugbare kloof wat ontstaan het. Ek het ook my bedenkinge oor die teenwoordigheid van en aantal nie-Hervormde besoekers wat spreekreg opgeneem het en die vergadering van buite af in ’n spesifieke rigting beïnvloed het. Ek verwonder my ook dat iemand leë beloftes oor seëninge kon maak, sou ons skuld oor apartheid bely. Ook dat ’n mens só naïef kan wees om te dink dat dit werklik ’n verskil aan die misdaad en korrupsie in die land gaan maak as ’n mens jou geestelike en kulturele erfenis verfoei. Die vergadering se tyd is ook onnodig in beslag geneem deur allerlei uitgerekte formaliteite. Ek het hoë waardering vir die wyse waarop dr Daan van Wyk (jr) die voorsitterskap hanteer het. Die nugtere liturgiese besinning, bespreking oor die kategese en die groeiende insig dat die Christelike huwelik uitgebou moet word, word positief beleef. Ek dink ook dat die Kerkkantoor ’n pluimpie verdien vir die professionaliteit waarmee hulle die reëlings en logistiek hanteer het."

Ds Gawie Wolmarans, Oostelike Pietersburg

"Die AKV is altyd ’n belewenis wat ’n mens lank bybly. Hierdie afgelope vergadering was nie anders nie. Oor die algemeen was dit ’n goeie vergadering wat goed deurdagte besluite geneem het. Wat opvallend was, was die rustigheid wat kenmerkend was van die hele vergadering. Afgevaardigdes het mekaar gerespekteer en in debatte hulle bepaal by die saak. Dit is te wagte dat wanneer oor sensitiewe sake gepraat en besluit word, daarby ook emosie betrokke is. Alle besluite kan nie altyd almal tevrede stel nie. So was dit met die besluite oor volkskerk, die verklaring oor apartheid en homoseksualisme. Sommige was dankbaar oor die besluite wat geneem is, soms selfs in ekstase, en ander weer hartseer en selfs ontnugter. Die aanvaarding van die verklaring oor apartheid was vir baie ontstellend. Dit het hier aan die einde van die vergadering onrus by baie veroorsaak. Mag ons die pad van die kerk oor hierdie saak loop en binne die Kerk gespreksgeleenthede skep om steeds hieroor te besin."

Ds Willem Kok, Potchefstroom

"Sedert die laaste AKV, toe ek nog ’n vyfdejaar teologiestudent was, sien ek vreeslik uit na my eerste, volwaardige AKV as ’n *afgevaardigde predikantslid*. Met

die ontvangs van die agenda vir die 69ste AKV het die opgewondenheid 'n realiteit geword! Ek was reeds bewus van moeilike beskrywingspunte wat oorgedra is van die 68ste AKV, waaroor daar tydens hierdie vergadering besluit sou moes word. Beskrywingspunte wat by 'n hele klomp kollegas en gemeentelede sterk emosies, weerskante toe, ontlok het. My indrukke van my eerste AKV is positief realisties. Ek het die vergadering baie positief ervaar en het baie geleer oor die Hervormde Kerk se sinodale werkinge, die multidimensionaliteit van etiese vraagstukke, asook praktiese verstaan en implikasies van die Kerkorde. Dit was 'n groot voorreg om deel te kon wees van die besluitnemingsproses oor moeilike beskrywingspunte. Dit is egter 'n voorreg wat met groot verantwoordelikheid en nederigheid uitgeleef moet word. 'n Verantwoordelikheid wat moet kan onderskei tussen eiebelang en die belang van God se kerk. En nederigheid om te weet dat jy as dienaar van die Woord ook feilbaar is. Dit is baie maklik om vasgevang te word in die debatte, emosioneel te raak daaroor, kwaad, hartseer of ontnugter te voel. Elke predikant van die Hervormde Kerk moet onthou dat ons in die eerste en belangrikste plek dienaars is van die Woord van God aan gemeentes en lidmate van die Hervormde Kerk. Ons dien God deur saam te dien in ons gemeentes. Deur saam met medegelowiges te dien in die wêreld. Dit is wat die 69ste AKV by my agtergelaat en ingeskerp het. Dat ons saam in diens is binne die kerk van God, hier in Suid-Afrika en wyer in die wêreld. Dat ons dienaars is van Jesus Christus, mekaar en die gebroke wêreld. En dat ons elkeen mag droom dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld! Dat ons nie daardie hoop ooit van enigiemand mag weerhou of wegneem nie! Ek hoop ek bly altyd opgewonde oor elke volgende AKV."

Ds Marna Naudé, Gemeente Swartkop

"Indrukke van die 69ste AKV wat my sal bybly: Die pragtige sang uit soveel kele. Die liefde en deernis wat ek van so baie ontvang het. Die lekker om weer te kon kontak maak met so baie vorige predikante van Zimbabwe en ook vriende. Die nuwe vriende wat ek kon maak."

Helena Cruger

"Die 69ste AKV het vir my as tweedejaar teologiestudent 'n ander kant van die Kerk laat sien. Met die verloop van die week het sake op die agenda verskyn wat die fondament van die Hervormde Kerk getoets het. Twee duidelike meningspole het na vore gekom. Ten spyte van die spanning tussen hierdie pole, is 'n weg bereik wat ek glo onder leiding van die Heilige Gees geloop kan word. Ek sien uit daarna om eendag in diens van hierdie Kerk te wees, want ek het gesien dat daar 'n plek is vir almal in die Hervormde Kerk. Die spanning tussen die pole handhaaf 'n balans in die Kerk en verseker dat sake van beide kante vanuit die Woord beredeneer word voordat ingeligte en deurdagte besluite geneem word. Die Hervormde perdekar (die vergadering sal weet waarvan gepraat word) beweeg dalk nie teen 140 km per uur nie, maar soos die pad verken word en as betroubaar geag word, beweeg ons teen 'n verantwoordelike spoed."

Joleen Joubert

(Joleen is een van die studente wat so fluks gewerk het tydens die AKV; sy is die dogter van ds Henk Joubert van Welgelegen-Pietersburg.)

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 232 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx